Rhus keeti Veld- en Avontuurkamp

1 - 8 April 2012

Welkom by Rhus keeti 2012

Tydens Rhus keeti 2012 gaan jy die geleentheid kry om kennis op te doen, vriende te maak, avontuur uit die boonste rakke te beleef en te party party party... en op die koop toe kry jy ook 'n ARA vlak 1-sertifikaat net omdat jy aan al die pretdinge deelgeneem het. Jy gaan dus die geleentheid kry om boog te skiet, te abseil, in 'n plaasdam te swem en nog vele meer.

In die lig van die Olimpiese Spele wat in Julie die jaar begin, is ons kamptema: "Volhard soos Atlete". Die wat reeds daar gekamp het weet dat ons dit nie net in die Godsdiensbeoefening inwerk nie, maar orals waar dit voluit geleef kan word. Kom wees gerus deel van die span wat weet wat Volhard regtig beteken... in afwagting op die Openingseremonie op 27 Julie 2012!

Watter kursusse kan jy kom doen?
In graad 8 doen jy Veldstudie en in graad 9 Veldvernuf. Vir die graad 10 – 12 leerlinge is daar sommer 'n klomp om uit te kies. Jy gaan 'n moeilike tyd hê om te besluit tussen Kampbeveiliging, Ruiterkuns, Fotografie, Rotsklim (ARA vlak 2), Gevorderde boogskiet (ARA vlak 2), Sterrekunde en Bergfietsry (ARA vlak 2). Verkenners in graad 11 en 12 wat reeds hulle leerlingsbestuurderslisensies geslaag het, kan inskryf vir 4x4 Veldry. As jy in graad 12 is, kan jy inskryf om deel te wees van die Dobbertjies en die Dienaar-Leier spesialisasie afhandel. Indien jy wil inskryf vir Bergfietsry moet jy egter jou **eie** bergfiets saam bring kamp toe en mag dalk ook nog 'n spesiale paklysie kry, soos ekstra bande, kettings, olie en gereedskap.

Sommige van ons kursusse het ongelukkig getallebeperkings:

Ruiterkuns	-	8
Fotografie	-	6 verkieslik met jou eie kamera en jy mag 'n skootrekenaar ook bring☺
Gevorderde boogskiet	-	5 regshandiges en 1 linkshandige
4x4 Veldry	-	6 met 'n geldige leerlinglisensie
Bergfietsry	-	10 met jou eie fiets

Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag 9 Maart 2012, maar moenie wag tot dan nie! Skryf sommer dadelik in. Die ou kampers weet dat die busse vinnig vol bespreek word. Maak seker jou vorm is heeltemal volledig ingevul, anders gaan ons ongelukkig nie jou inskrywing kan aanvaar nie. En vir diegene wat inskryf vir kursusse met getallebeperkings geld daar spesiale reëlings; jou vorm moet by ons wees, jou geld reeds inbetaal en die bewys van betaling ook by ons wees – **Dit is 'n volledige inskrywing!** Die eerste volledige inskrywings word aanvaar met geen uitsonderings nie.

Hoeveel moet jy betaal om in al die partytjiepret te kom deel?
Verkenners wat inskryf vir Veldstudie, Veldvernuf, Kampbeveiliging, Ruiterkuns, Fotografie, Sterrekunde, Dobbertjies en 4 x 4 Veldry betaal R710. Rotsklim en Bergfietsry se kostes beloop R770 terwyl Gevorderde boogskiet R845 kos – hulle pyle is maar duur.

Maak ook seker of jy met die bus gaan ry en of jou offisier of ouers jou gaan aanry sodat jy dit reg op die inskrywingsvorm kan aandui.

Ons sien baie uit daarna om jou te verwelkom by Rhus Keeti Veld- en Avontuurkamp 2012!

Voortrekkergroete

Oom Chris
Kampleier